

LEES EERS DIE VOLGENDE VOORDAT U DIE DOKUMENTASIE VOLTOOI

Addisionele besonderhede:
(Voltooi asseblief volledig)

Die volgende moet u kind se inskrywingsvorm vergesel - daarsonder sal hy/sy nie toegelaat word tot die Hoërskool De Aar nie.

'n **Gewaarmerkte afskrif** van u munisipale rekening (bewys van adres- NIE OUER AS 3 MAANDE NIE).
Dit moet die rekening wees van die ouer/voog wat verantwoordelik is vir die betaling van die skoolfonds.

'n **Gewaarmerkte afskrif** van jongste rapport.

'n **Gewaarmerkte afskrif** van u kind se geboortesertifikaat.

'n **Gewaarmerkte afskrif** van 'n identiteits- of ander dokument wat die identiteit van elke persoon wat onder die omskrywing van "ouer" in die Skolewet val, tot die redelike bevrediging van die SBL bevestig.

Enige persoon wat 'n leerder inskryf MOET voldoen aan die volgende regulasies, en die skool moet voorsien word van die tersaaklike dokumentasie in die verband.

A BIOLOGIESE OUERS

Definisie: Kinders wat by hulle biologiese ouers woon.

Beide die ouers moet 'n **Gewaarmerkte afskrif** van hul identiteitsdokument inhandig. 'n **Doodsertifikaat** van die biologiese ouer(s) moet ingedien word, indien hy/sy oorlede is.

B WETTIGE VOOGDE

Definisie: Kinders wie se biologiese ouers oorlede is of die kinders is vervreem van die ouers, maar wettige voogdyskap is deur die **HOF** toegeken. 'n **Gewaarmerkte afskrif** van die **hofbevel** wat voogdyskap of wettige aanspraak op sorg, of enige soortgelyke reg van die persoon ("ouer") wat daarop aanspraak maak, bevestig.

C ANDER

Die kategorie "ANDER" kan sensitief wees en ons vra by voorbaat om verskoning daarvoor, maar ongelukkig is dit wat die regulasies impliseer.

Definisie: Leerders wat NIE by hulle biologiese ouers / wettige voogde soos omskryf in A of B woon nie.

Indien 'n leerder by 'n persoon wat die rol/funksie van 'n ouer vervul bly, moet die volgende dokumentasies ingedien word:

Die gewaarmerkte afskrif van die doodsertifikaat van beide biologiese ouers asook 'n beëdigde verklaring, wat bevestig dat die leerder by die voogde woonagtig is en dat hulle die rol van ouers vervul.

Al bogenoemde kategorieë is dan ook verantwoordelik vir die leerder se skoolfonds.
ALLE skoolfondsdokumentasie moet dus aan kategorie A, B of C voldoen.

GEWAARMERKTE AFSCRIFTE

van die volgende dokumentasie **MOET** by u aansoek ingesluit wees.

	JA	NEE		JA	NEE
Adresbevestiging (Nie ouer as 3 maande)	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	Bevestiging van ouerskap	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Geboortesertifikaat van leerder	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>		Identiteitsdokument van beide biologiese ouers	<input type="checkbox"/>
Jongste rapport	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	of	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
			Doodsertifikaat van biologiese ouer	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
			OF		
			Gewaarmerkte afskrif van die hofbevel insake voogdyskap	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
			OF		
			Doodsertifikaat van beide biologiese ouers	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
			en	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
			Beëdigde verklaring	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

GEEN afskrifte sal by die skool gemaak word nie.

Besonderhede van enige toestand van die leerder wat die liggaamlike welsyn van enige ander leerder of personeellid van die Skool kan raak:

Besonderhede van enige bepaalde behoeftes wat die leerder mag hê en wat mag aandag verg om die leerder se skoolervaring te maksimaliseer of sy/haar beste belange te bevorder. Bewyse moet asseblief voorsien word.

Besonderhede van enige toestand of omstandighede waarvan die Skool bewus behoort te wees ten einde die beste belange van die leerder en/of enige ander leerders van die Skool te beskerm.

Let wel:

Volgens die NOORD-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT is Hoërskool De Aar:

1. 'n **DUBBELMEDIUM** skool wat impliseer dat beide AFR en ENG die ONDERRIGTAAL IN DIESELFDE klas is.
2. Hoërskool De Aar is 'n skool wat **SKOOLFONDS MOET HEF** en die ouers **MOET SKOOLFONDS BETAAL**. Daar mag dalk 'n skoolfondsvrye skool nader aan u woning wees wat u kind kan akkommodeer.
3. Voorkeur sal verleen word aan aansoeke wat volgens die NKOD, die woonbuurte die naaste aan Hoërskool De Aar is, en in ag genome nr 2 hierbo.

Dit bly u verantwoordelikheid as ouer/voog om die skool te kontak om vas te stel of toelating geskied het. Indien u teen **2 Augustus 2019** geen terugvoer vanaf die skool ontvang het nie, kan u ons kontak.

Die aansoekvorm moet volledig voltooi en onderteken word. Alle noodsaaklike dokumentasie **MOET** aangeheg word, andersins sal u aansoek om toelating nie ingeneem word nie.

Alle aansoeke wat na 7 Junie 2019 ontvang word, sal as "Laat aansoeke" hanteer word.

ONDERNEMING DEUR OUER EN LEERDER

As lojale ouer en leerder van die Hoërskool De Aar, verbind ek my graag tot die volgende:

- Ek en my kind die reëls, tradisies en gewoontes van die skool sal aanvaar en respekteer.
- Ek en my kind se kultuur, gewoontes, tradisionele gebruike en gedrag, nie die werksaamhede van Hoërskool De Aar of sy karakter op enige wyse sal benadeel of ondermyn nie.
- Om te alle tye die beeld van die skool te help bevorder en uit te dra.
- Om 'n betrokke ouer te wees.
- Om my finansiële verpligtinge teenoor die skool na te kom.
- Om die dissiplinêre strategie van die skool te onderskryf.
- Om altyd lojale te wees teenoor die leerkrigte van die skool, en waar nodig, die korrekte griewe prosedure te volg.
- Om enige probleme met die Register onderwyser, Skoolhoof of Beheerliggaam te kom bespreek eerder as om dit in die openbaar te bespreek.
- Ek die Bybelonderrig wat gedurende skoolure onderrig word onder die toesig en leiding van 'n onderwyser / buitestander en in 'n georganiseerde klaskameropset, aanvaar. Indien ek hiermee verskil, sal ek die skool skriftelik in kennis stel.
- My kind aan skoolaktiwiteite sal deelneem.
- My kind aan geen politieke aktiwiteite op die skoolterrein en tydens skoolure mag deelneem nie. Ek en my kind geen politieke siening of standpunt sal propageer of enige politieke simbole of slagspreuke ten toon sal stel nie. My kind aan geen politieke samekomste, protesoptogte of wegbly-aksies tydens skoolure sal deelneem nie.
- Ek sal berus by die besluite deur die skoolhoof geneem, in die uitvoering van bogenoemde bepalings.
- **EK IS BEWUS DAARVAN DAT HOËRSKOOLO DE AAR 'N DUBBELMEDIUM SKOOL IS WAAR DIE KLASSE IN AFRIKAANS EN ENGELS IN EEN KLAS AANGEBIED WORD**
- **ONTVANGS EN ONDERWERPING AAN GEDRAGSKODE**

Hiermee erken ek, _____ (leerder), ontvangs van die Gedragskode. Ek het hierdie dokument saam met my ouers / voogde deurgelees om ons van die inhoud daarvan te vergewis. Hiermee onderneem ek ook om my aan die gedragskode te onderwerp.

Hiermee verklaar ek dat ek en my kind op hoogte is met wat in bogenoemde onderneming van ons verwag word en dat ons nougeset by bogenoemde bepalings sal hou.

Ouer
parafeer

.....
HANDTEKENING
OUER / VOOG

.....
HANDTEKENING
LEERDER